

LEEU JAG: Die NKJV-Standpunt

Daar is uit verskeie oorde tereg vrae gevra oor ons standpunt aangaande leeu jag en ook hoekom die skorsing van CHASA en PHASA (Professional Hunters' Association of South Africa) uit die CIC as gevolg van hulle ondersteuning vir SAPA (South Africa Predator Association) nodig was.

Die NKJV se standpunt aangaande die jag van CBL (captive bred lions) is eenvoudig. Die Vereniging funksioneer binne die raamwerk van Suid-Afrikaanse wetgewing. Tans is dit wettig om leeus te teel en dan later te jag binne streng vasgestelde standaarde bv. minimum grootte van die jagarea waar die leeu vrygelaat word. Dus, ondersteun ons die bedryf en die wettige jag van CBL. Verder, al sou sommige lede nie saamstem met hierdie besluit nie, kan die Vereniging nie sommiges verhoed om leeus te jag binne die raamwerk van die wet nie.! Punt einde van die prent! Onderskeid moet getref word tussen wettige CBL jag en onwettige "geblikte leeu jag". Daar is ongelukkig individue wat onwettig en oneties funksioneer en die leeu bedryf in 'n negatiewe lig plaas deur leeus buite die raamwerk van die wet te laat jag veral in terme van kamp grootte. NKJV is sterk gekant teen operateurs wat geblikte leeu jag probeer beoefen!

Ek wil graag ook byvoeg dat as die jagbedryf in SA gaan toelaat dat die anti-jag brigade, diere-regte organisasies, sekere NRO's en 'n paar jagondernemers wat wilde leeus jag hierdie rondte gaan wen m.a.w. dat CBL jag onwettig verklaar word, het ons as jagters en bewaring oor die algemeen 'n groot probleem. Ons sal dan moet vra, watter dier is volgende in terme van "captive bred"? Streng gesproke val alle buffels, swartwitpense, bastergemsbokke en vele ander spesies in SA binne hierdie beskrywing. Waar gaan dit ons jagters dan los?

NKJV ondersteun dus PHASA en CHASA se besluit om SAPA te ondersteun. Laasgenoemde en die Departement van Omgewingsake werk nou saam om wetgewing af te dwing op SAPA lede en om sodoende te verseker dat leeu telers se fasiliteite en prosedures op standaard is. Hierdie samewerking moet geprys en ondersteun word. Hoe meer georganiseerd en hoe meer deursigtig die bedryf word hoe beter vir almal, veral die leeus. Die skorsing uit die CIC was afgedwing deur 'n paar invloedryke individue wat nie baat vind uit CBL jag nie en ook weier om die bewaringsnut daarvan openlik te aanvaar nie. Hulle sal eerder die hele jagbedryf asook leeu bewaring in ons land in gedrang stel vir niks anders as persoonlike agendas nie.

CHASA is 'n konfederasie van oor die twintig organisasies en verenigings. Elke groep word op 'n CHASA Raad verteenwoordig deur gekose afgevaardigdes. Hierdie tipe besluit is dus nie skielik deur een of twee persone gemaak nie maar word deur die Raad bespreek en dan word dit of goedgekeer al dan nie. Die exco, bestuurder, sekretaresse en HUB word dan getaak om die besluite uit te voer. In terme van die leeu saga en die ondersteuning vir SAPA is die CHASA Raad besluit gemaak deur dieselfde punte in ag te neem as wat ek hierbo genoem het.

Charles